Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Devigi Pillay**
Direktoraat: Diensvoordele
Devigi.Pillay@westerncape.gov.za | 021 467 2477

Lêerno.: 3/3/1/1/1
Verwysing: 20230302-2083

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure en erkende werknemerpartye

Kort opsomming: *Wisselende werksure vir kantoorgebaseerde werknemers*

**Onderwerp: Nakoming van die ooreengekome en goedgekeurde wisselende werksure vir kantoorgebaseerde werknemers**

1. Omsendbrief 0038/2018 van 23 Oktober 2018 en Omsendbrief 0061/2021 van 08 Oktober 2021, het betrekking.

2. Kantoorgebaseerde werknemers word daaraan herinner dat wisselende werksure, soos versoek en deur die betrokke senior bestuurder (direkteur en hoër) goedgekeur, nie 'n pertinente reg is nie. Die uitoefening van die plig om te voldoen aan die ooreengekome en goedgekeurde wisselende werksure deur die individuele kantoorgebaseerde werknemer sal daarom bepaal of die huidige goedkeuring bevestig, hersien of tersyde gestel word.

3. Daar word herhaal dat die **kernwerktyd van 08:00 tot 15:00 bly**. Gedurende hierdie kernwerktyd is dit reg en behoorlik dat alle kantoorgebaseerde personeel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) besig is met amptelike pligte. Versuim om gedurende hierdie kernwerktyd amptelik aan diens te bly, kan daartoe lei dat die verantwoordelike senior bestuurder die individuele goedgekeurde, wisselende werksure hersien of tersyde stel.

4. As dit tersyde gestel word, sal die betrokke kantoorgebaseerde werknemer outomaties en met onmiddellike ingang na die **gewone werks-/kantoorure van die WKOD terugkeer, dit is vanaf 07:30 tot 16:00, met 'n pouse van 30 minute vir middagete**, of na die nuut goedgekeurde wisselende werksure.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

5. In die belang van uitnemendheid en kontinuïteit in die diens, moet wisselende reëlings vir alle kantoorgebaseerde werknemers nie later nie as 01 Junie 2023 deur die verantwoordelike senior bestuurder, bevestig, hersien of tersyde gestel word. Daardie kantoorgebaseerde werknemers wat hul werksure wil verander, kan daarom voor 01 Junie 2023 aansoek doen daarvoor deur die vorm wat aangeheg is (Bylae A) te gebruik.

6. Afskrifte van die vorms met die nuut goedgekeurde werksure van amptenare moet nie later nie as 30 Junie 2023 by die Inbel- of Instapsentrum ingedien word vir die aandag van Jenny Williams.

7. Dit is die werkgewer se verantwoordelikheid om daaglikse bywoning te monitor, en dit is aan vergoeding gekoppel. Daar word van werknemers verwag om 40 per uur week, wat dus 160 uur per maand is, te werk vir 'n salaris. Indien minder ure gewerk word, moet werknemers met goedgekeurde verlof wees. In die afwesigheid van 'n biometriese stelsel, word amptenare hiermee in kennis gestel dat die toegangskaart wat aan werknemers by Hoofkantoor (Wharfplein-noord/Alfredstraat/Goue Akker) uitgereik is, gebruik sal word om bywoning te monitor, indien nodig.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-03-16